*Sondag* **14 September**

**Skrifgedeelte: Johannes 21:1-14**
**Fokusgedeelte: Johannes 21:4, 7, 12 (AFR1933/53/83)**

**Hulle het geweet dat dit die Here is**

Daardie oggend by die See van Tiberias het die dissipels aanvanklik nie geweet dat dit Jesus was nie. Johannes sê nie vir ons waarom hulle Hom nie herken het nie. Jesus was vir hulle, wat moeg en uitgeput was na die nag se vrugtelose geswoeg op die see, net ’n vreemdeling op die strand. En tog luister hulle na sy raad om die net aan die regterkant van die skuit uit te gooi. Nadat hulle soveel vis gevang het dat hulle nie in staat was om die net in te trek nie, was Johannes (die dissipel vir wie Jesus liefgehad het) die eerste om te besef dat dit die Here was. En toe hulle op die strand kom en Jesus hulle uitnooi om te kom eet, het al die dissipels daar geweet dat dit die Here is.

Die wonderlike visvangs sou die dissipels herinner aan wat destyds gebeur het toe Jesus van hulle as dissipels geroep het (Luk. 5:1-11). Hy het toe gesê dat Hy hulle vissers van mense sal maak. En nou na Jesus se opstanding uit die dood, is dit nie anders nie. Dit is dieselfde Here wat hulle toe geroep het, wat nou vir die derde keer aan hulle verskyn het. Sy roeping het steeds gegeld en sy teenwoordigheid daar het hulle vrugtelose geswoeg verander in vrugbare werk. Hy het hulle nie aan hulle lot oorgelaat nie. Hy wat sy almag oor die skepping getoon het in die visvangs, sou dit ook doen in hulle werk in sy Koninkryk as vissers van mense.

As jy deur Jesus verlos is, mag jy weet dat die Here jou nie aan jou lot oorgelaat het nie, maar dat Hy by jou teenwoordig is deur sy Heilige Gees. En in sy krag kan jy vrugbare werk doen in sy Koninkryk.

*Sing: Psalm 8-1:1, 4, 5, 6*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*